Tema: Die Here bly by Sy beloftes – dit wat vir ons onmoontlik lyk, is moontlik by God.

25 jaar voordat Isak gebore is, het Abraham al die belofte ontvang dat daar vir hom ’n erfgenaam en nageslag sal wees. Hierdie “onmoontlike” wonderwerk het eers plaasgevind toe hy 100 jaar oud was.

Daar word ook voortdurend aan ons beloftes gemaak. Beloftes, onder andere, deur die regering van ouers, ens. Ons hele lewe bestaan uit beloftes. En dikwels raak ons moedeloos. Die vraag is: Wat maak ek en jy met die beloftes wat aan ons gemaak word. Ook die beloftes wat die Here aan ons maak!